education
DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**JUNIE 2015**

**GRAAD 12**

**VRAESTEL 1**

**PUNTE: 80**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 1**

**GRAAD 12**

JUNIE 2015

PUNTE : 80 TYD : 2 UUR

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A : LEESBEGRIP (VRAAG1) | (30) |
   | AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
   | AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 EN 5) | (40) |

2. Lees **ALLE I**nstruksies baie goed.
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ‘n reël oop na **ELKE** antwoord.
7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

| HIERDIE VRAESTEL BETAAN UIT 13 BLADSYE |
|---|

AFDELING A :LEESBEGRIP

VRAAG 1 :

TEKS A : TYDSKRIF ARTIKEL.

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.



# KOM STAP DIE KAROO SE CAMINO

## Die Tankwa-Camino strek oor 250 km grondpad en vlaktes tussen Calvinia en Ceres.

1 Die naglug is ysig. Ek sit op ‘n kampstoel iewers in die middel van die Tankwa-Karoo. My klere is stowwerig en my spiere pyn soos nog nooit tevore nie. ‘n Vrou kug saggies en begin die mooiste weergawe van “Pie Jesu” sing wat ek nog gehoor het. Sy word begelei deur die huil van ‘n jakkals, hout wat in die vuur skiet – skiet en die onheilspellende gefluit van die wind al langs die plaasdraad.

2 Dis dag sewe van die Tankwa – Camino: Die staptog van tien dae is genoem na ‘n bekende pelgrimstog wat eindig by die Santiago de Compostela-katedraal in Noordwes – Spanje.

3 ‘n Week gelede het ek en 67 ander stappers van Calvinia af begin stap. Ons stap sowat 25km per dag. Daar is nog net 75km oor. Ek weet nie of dit my hartseer of bly maak nie.

4 Dag 1: ‘n Staptog is gebore …
Ek staan langs die groot rooi posbus op Calvinia en probeer kalm bly. Dis 250km van hier af tot by Ceres – op die R355 – grondpad wat bekend is daarvoor dat hy bande vreet. Dis die langste pad tussen twee dorpe in die land.

5

My stapgenote kom van reg oor die land: Machadodorp, Middelpos, Kroonstad…
6 en die ouderdomme wissel van 21 tot 78 jaar. Die meeste behoort tot stapklubs en
het verskeie van die groot roetes – plaaslik en oorsee – op hulle kerfstok: die Otter,
die Amatola, die Camino de Santiago, die Appalachiese staproete in die VSA en
die Annapurna-roete in Nepal… Ek's al langafstand-stapgroentjie.

Dag 2-5: Hier kom die Tankwa.
Ek word wakker van die geritsel van slaapsakke en die gezirts van ritssluiters. Dis
vyf-uur die oggend. Ek kruip uit my tent uit. Voor my swiep by die 70 koplampe
heen en weer in die maanlig. Dis snerpend koud soos dit net in die Karoo kan
7 word. Dis die soort koue wat vir jou pluisstofbaadjie lag en deur jou beendere sny.
Ons spring weg vol moed. Na sowat 'n uur bestyg ons die Blou-kranspas. By die
bopunt gaan staan ek op die rand van die plato. Die ganse Tankwa-Karoo lê voor
my uitgestrek. Die R355 lê soos 'n blink lint op die landskap. Ek trek my oë op
skrefies, maar kan steeds nie die einde daarvan sien nie.

8

Dag 6 en 7: Ontmoet die Tankwa se mense.
Dis seweuur die oggend. Ek stap al twee uur lank. By die plaas Tandeskoonmaak
drentel die boer Shorty Swart na die heining toe vir 'n geselsie. "Hier's vrede, vars
9 lug en geen misdaad nie," sê hy terwyl sy honde, Simba en Snippie, om ons enkels
blaf. Iets waarvan hier baie is, is stilte…

Op pad hoor ek gesprekke wat wissel van diepsinnig (geloof, jou kinderjare) tot
bisar (Kerspresente en wat jy sal doen vir 'n yskoue koeldrank) . Marieta
10 Rademeyer van die Paarl stel dit so: "Jy's baie eerlik met jouself as jy moeg is en
pyn het."

Ek roep halt en trek my skoene uit en lê in die skaduwee van 'n padteken. Hier's
net een wolk. Dit lyk soos 'n pampoenkoekie wat in die blou uitspansel verdwaal
11 het. Dis die eerste wolk wat ek in dae sien.

Dag 8 tot 10: Amper daar!
12 Op dag agt weet jy die Tankwa lê agter jou. Die landskap is effens groener en jou
tent is soggens klam. Ons betree nou Bokkeveld. Daar's 'n effense huppel in almal
se stap – die kraal is in sig. Wel, soort van – daar lê nog 75km voor…

Die pad loop deur 'n droë rivierbedding wat deur die berge sny en verander dan
13 sonder waarskuwing in 'n teerpad. Ek voel effe neerslagtig. Teer beteken
selfoonontvangs en die regte wêreld.

Dis nog 'n kort entjie se stap tot by die Karoopoort, waar ons vanaand oornag. Die geskiedkundige poort en die opstal is 'n nasionale monument – dit was eens 'n hotel, tronk en selfs hospitaal (in die Anglo-Boereoorlog). Die einde is nou wel in sig, maar op die kaart is daar 'n klompie bruin krabbels.

Die Camino eindig amptelik by die NG kerk op Ceres. Sal ek dit weer doen? Sjoe, waarskynlik nie. Sal ek die roete aanbeveel? Beslis! In die Tankwa kry jou hart weer vatplek na aan die aarde.

[Aangepas en verwerk uit: WEG Februarie 2015]

VRAE :

1.1 Wat begelei die vrou se gesing van "Pie Jesu" ? (1)

1.2 "My klere is stowwerig en my spiere pyn soos nog nooit tevore nie." (paragraaf 1)

Wat kan jy hieruit oor die staptoer aflei? (1)

1.3 Hoeveel dae neem dit om die staptog te voltooi? (1)

1.4 Wat impliseer die skrywer met die woorde : "Ek weet nie of dit my hartseer of bly maak nie." in paragraaf 3? (1)

1.5 "…grondpad wat bekend is daarvoor dat **hy bande vreet**." (Paragraaf 4)

1.5.1 Word hierdie uitdrukking letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.5.2 Verduidelik in jou eie woorde wat hierdie uitdrukking beteken. (1)

1.6 Sy stapgenote kom van oral af. Noem enige TWEE plekke waar hul vandaan kom. (2)

1.7 "…die ouderdomme wissel van 21 tot 78 jaar." (Paragraaf 5)

Sê in jou EIE WOORDE wat jy hieruit oor die mense se ouderdomme kan aflei. (1)

1.8 Noem enige DRIE groot roetes wat sy stapgenote op hul kerfstok het. (3)

1.9 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

'n Stapgroentjie is iemand wat …

A al baie lang staptoere voltooi het.
B hul eerste groot roete aanpak.
C die Camino al verskeie kere voltooi het.
D al voorheen aan enige staproete deelgeneem het. (1)

1.10 Watter ooreenkoms is daar tussen dag 2 tot 5 en dag 6 en 7? (1)

1.11 Dit is baie warm in die Karoo as die stappers 5:00 in die oggend op staan.

Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde uit paragraaf 6 aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Dink jy dit is veilig om die Tankwa-Camino te gaan stap en die mense van die gebied te ontmoet? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Hoekom, dink jy, roep hy halt en gaan lê in die skaduwee van 'n padteken? Lei jou antwoord uit paragraaf 9 af. (1)

1.14 Verduidelik watter TWEE eienskappe ten opsigte van die natuur verander sodat hul agterkom dat hul die Bokkeveld betree. (2)

1.15 Waarom is daar 'n effense huppel in almal se stap? (1)

1.16 "Ek voel effe neerslagtig."

1.16.1 Verduidelik wat die woord "neerslagtig" beteken. (1)

1.16.2 Hoekom is die gebruik van die woorde "effe neerslagtig" in die paragraaf funksioneel? (2)

1.17 "Die geskiedkundige poort en die opstal is 'n nasionale monument…"

Waarom, dink jy, verwys die skrywer na die Opstal(Poort) as 'n nasionale monument? (1)

1.18 Sal jy graag die Tankwa-Camino wil gaan stap? Motiveer jou antwoord. (1)

[24]

**TEKS B : HOU JOU LYF COWBOY**

**Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

# HOU JOU LYF COWBOY

Is die *__nuwe Nissan X-TRAil__* steeds so avontuurlustig soos sy voorgangers, of het hy sag geraak en 'n huis op die dorp gaan koop?

| DIE SYFERS | | | |
|---|---|---|---|
| | A | B | C |
| | | | |
| ENJIN | **2.0 PETROL** | **2.5 PETROL** | **1.6 DIESEL** |
| KRAG EN WRINGKRAG | 106Kw<br>200Nm | 126Kw<br>233Nm | 96kW<br>320Nm |
| KOOLSUURGAS VRYSTELLING | 197(g/km) | 197(g/km) | 139(g/km) |
| TENK | 60 LITER | 60 LITER | 60 LITER |
| BRANDSTOFVERBRUIK | 8.3 l/100km | 8.3 l/100km | 5.3 l/100km |
| PRYS | R327 700 | R364 200 | R388 300 |

**Meer as 1.7 Miljoen Nissan X-TRAILS is sedert sy bekendstelling in 2001 verkoop. Dis 358 wat 13 jaar lank elke dag baas gekry het.**

**Waarom het Nissan kom karring aan 'n ding wat nie stukkend is nie?**

- Min eienaars gebruik hul viertrekvermoëns
- Die baksteen lyfie is nie meer aanloklik nie

**Wat's nuut?**

- Bakwerk toon geen ooreenkoms met sy voorganger nie
- Daar is 8 weergawes
- Jy kan kies tussen tweewiel- of vierwiel- aandrywing
- Jy kan kies tussen 5 of 7 sitplekke
- 3 verskeie enjins

- Handrat of outomaties
- Techno – pakket sluit in: satellietnavigasie, verhitte syspieëltjies en 360° - Kameras

VRAE :

1.19 In die teks word die motors volgens hul enjin kapasiteit gegroepeer. Rangskik die motors vanaf die duurste motor tot die goedkoopste motor. Toon die bedrae en soort enjin deeglik aan. (1)

1.20 Op watter manier dui die teks aan dat die 1.6 Diesel X-TRAIL die beste keuse is? Noem TWEE maniere. (2)

1.21 Dui aan watter X-TRAIL die beste brandstofverbuik het? (1)

1.22 Noem een rede waarom Nissan besluit het om veranderinge aan die X-TRAIL te bring. (1)

1.23 Wat sluit die Techno-pakket alles in? (1)

[6]

**TOTAAL AFDELING A : 30**

**VRAAG 2 AFDELING B : OPSOMMING**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES :**

1. Som die sewe wenke oor watter tipe sak jy benodig vir ‘n staproete, op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C : WENKE OM DIE REGTE SAK VIR JOU STAPTOER TE KIES.**

# Swaar dra al aan die eenkant.

Die definitiewe rugsak gids van Suid-Afrika.

Sak groottes

Daar bestaan talle tipe sakke vir talle gebruike, meeste kan in die volgende katagorieë ingedeel word: Dagsakke, Naweeksakke, Rugsakke, Canyonsakke, Babasakke, Buiteraam-rugsak en ‘n binneraam-rugsak. Dit is belangrik om te weet watter doel elke sak het; dit bepaal watter sak jy koop.

Dagsakke

Dagsakke word gewoonlik gebruik op eendag roetes. Dagsakke kan gedeel word tussen nie meer as drie mense nie, en hou gewoonlik middagetes, verversings, reënjasse, eetgerei, biltong, verkyker en ‘n voëlboek.

Naweeksakke

Daar is nie ‘n groot verskil tussen naweek- en rugsakke, behalwe die inhoudsmaat nie. Onthou dat mense oor ‘n naweekstap nie noodwendig ligter dra as op ‘n vyfdag roete nie.

Rugsakke

Die rugsak is die “Crème da la Crème” van alle sakke. Die keuse wat mens hier maak, is vergelykbaar met die verskil tussen Syang Yohng Musso en ‘n Land Rover. Rugsakke word gebruik vir roetes van 1-21 dae.

Canyon sakke

Canyon sakke is ‘n evolusie van die rugsak aangepas vir nou plekke. Die sak is smal en lank, en word meestal gebruik wanneer in dunner rotsskeure geklim word, en mense wat grotte ontdek.

Babasakke

Selfs baba kan nou gaan stap, danksy ‘n slim patent wat ‘n stoeltjie monteer op die buiteraam rugsak patent en dit het selfs ‘n ingeboude dakkie.

Buiteraam-rugsak

Die buiteraam-rugsak is nie sleg nie, maar op moeilike terrein, byvoorbeeld die Drakensberge, is balans uiters belangrik en kan ‘n buiteraam-rugsak gevaarlik wees.

Binneraam-rugsak

Dit is duurder maar kan ‘n swaar vrag dra en is goeie kwaliteit.

Gebruik die wenke hierbo om jou keuse te maak.

[Verwerk uit Spore Voetslaanklub gids]

TOTAAL AFDELING B : 10

**AFDELING C : TAAL**
**VRAAG 3**
**TEKS D:  ADVERTENSIE**
Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




VRAE :

3.1 Noem TWEE maniere waarop die adverteerder die datum van die skou beklemtoon. (2)

3.2 Bestudeer die Beeld vakansieskou wapen. Waarom is dit effektief dat die adverteerder die woorde : “vakansie” en “ontspanning” gebruik? (1)

3.3 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte **VOORNAAMWOORD**.

Wanneer (‘n mens) na die advertensie kyk, word ek sommer lus om te gaan kamp. (1)

3.4 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die vetgedrukte woord.

Daar is **NUWE** produkbekendstellings by die vakansieskou. (1)

3.5 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies.

Jy moet (ontspannings) wanneer jy met vakansie gaan. (1)

3.6 Kies die antwoord wat die idioom KORREK sal voltooi.

By die Beeld vakansieskou kan jy bybehore vir ‘n appel en ‘n … koop.

A peer
B ei
C piesang
D blaar (1)

3.7 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende **WERKWOORD**.

Kom … die beeld vakansieskou en kry alle kampeertoebehore wat jou hart begeer. (1)

3.8 Bestudeer die prent van die motor met die sleepwa noukeurig. Watter KONNOTASIE kan jy maak met betrekking tot hierdie advertensie? (1)

3.9 Sal hierdie advertensie jou beïnvloed om tot aksie oor te gaan? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

**VRAAG 4 : STROKIESPRENT**
**TEKS E**

- **Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

| LOUIS DIE LAEVELD LEEU | | |
|---|---|---|
| **RAAMPIE 1** | **RAAMPIE 2** | **RAAMPIE 3** |




VRAE:

4.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Die aandagstreep in raampie 2 se funksie is om …

A die leser se aandag te vestig op dit wat gaan volg.
B die leser wakker te maak.
C die leser opgewonde te maak.
D aan te toon dat die leser sy eie gedagtes moet invul. (1)

4.2 Die woord **<u>ken</u> (raampie 1)** beteken "om iets te weet, verstaan en onthou". Gebruik die HOMONIEM van **<u>ken</u>** in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

4.3 Wat impliseer Louis die leeu met sy woorde in raampie 1 : "Gaan hy sy woorde ken?" (1)

4.4 Bestudder die Bobbejaan in raampie 2. Watter aanduiding is daar hy ontsteld is oor Louis die leeu se antwoord. (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die Bobbejaan sê: " My seun het die hoofrol in 'n toneelstuk."
Begin jou antwoord so: Die Bobbejaan sê vir Louis dat … (2)

4.6 Voltooi die ontrekende woord deur die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die vetgedrukte woord te gee.

Die Bobbejaan se **seun** het die hoofrol in 'n toneel gekry, nie sy … nie. (1)

4.7 Hoe word die Bobbejaan se woorde in raampie 3 beklemtoon? (1)

4.8 Hoe weet jy dat die Bobbejaan opgewonde en trots is op sy seun se rol in raampie 1? (1)

4.9 Is die idioom " die appel val nie ver van die boom af nie" gepas om die Bobbejaan en sy seun te beskryf? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**5.1 TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

# Iewers op dag 3

Iewers op dag drie kom die ware Tankwa te voorskyn. ***(5.1.7)Alles in die streek is pure woestyn***. Dis net leiklipskerwe waar jy kyk, en die pad wat 'n ewigheid in strek. Die R335 is 'n **(5.1.4) breë** pad; skape is vroeër jare**(5.1.1) hoofsaaklik** hierlangs aangeja na die markte in die Boland.

Dis 'n harde dag. Ons stap verby plase met name soos Dagbreek, Grootbrak, Rooisputs en Swellendam…

***(5.1.8)Vanaand kamp ons langs 'n verlate huis op die plaas Witkloof***. Die stappers wat eerste by die kampplek aankom, hark die skaapskuttels eenkant, slaan tent op op die enkele beskikbare koeltekolle, en hang moeë, klam sokkies aan die naaste doringboomtak.

Connie braai skaaprib op die outydse manier – op 'n vuurwarm klipplaat. Dit vat sowat ***(5.1.2) 3*** en 'n half uur. ***(5.1.6) Dis van die lekkerste Karoo lam wat ek al ooit geeet het in(5.1.9) Suid-Afrika. (5.1.3) Later het Connie droogweg gesê dat hul op die onherbergsame plek bly.***

Die volmaan kom stadig op oor die Roggeberg***.(5.1.5) Net voordat ek my tent toerits***, vlieg 'n nonnetjiesuil voor my verby. Iewers tjank 'n jakkals. My ligaam voel dalk tam, maar my hart is gelukkig.

[Aangepas en verwerk uit: WEG Februarie 2015]

VRAE:

5.1.1 Skryf die **AFKORTING** van die vetgedrukte woord.

Die R335 is 'n breë pad; skape is vroeër jare **hoofsaaklik** hierlangs aangeja na die markte in die Boland. (1)

5.1.2 Skryf die vetgedrukte **GETAL** as 'n WOORD neer.

Dit vat sowat ***3*** en 'n half uur. (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die **DIREKTE REDE**.

Later het Connie droogweg gesê dat hul op 'n onherbergsame plek bly. (2)

5.1.4 Gee die **ANTONIEM** van die vetgedrukte woord in die onderstaande sin.

"Die R335 is 'n **breë** pad…"

(1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

Net voordat ek my tent toerits.
Begin die sin so: Net voordat ek gaan… (1)

5.1.6 Verbeter die **SPELFOUT** in die onderstaande sin.

Dis van die lekkerste Karoo lam wat ek al ooit geeet het. (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Alles in die streek is pure woestyn. (1)

5.1.8 Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD**.

Vanaand kamp ons langs 'n verlate huis op die plaas Witkloof. (1)

5.1.9 Vorm 'n **PERSOONSNAAM** van die vetgedrukte woord.

Ons **Suid-Afrika** hou baie van braaivleis. (1)

5.1.10 Verbind die sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Ek het vir die eerste keer 'n nonnetjies uil gesien. Ek was vyf jaar oud. (toe)
Begin die sin so: Ek het vir die eerste keer 'n nonnetjies uil gesien toe… (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Haar vriende het dikwels die Karoo besoek. (1)

5.1.12 Verander die onderstaande stelsin in 'n vraagsin.


Iewers tjank 'n jakkals (1)

5.1.13 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi.

Dis net sand waar jy…

A sien.
B wag.
C kyk.
D lag. (1)

**VRAAG 5.2**
**TEKS G**
Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.



[Aangepas en verwerk uit: WEG Februarie 2015]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1 – 5.2.6) te voltooi.

| |
|---|
| rug; skaduwee; veld; oop; blase; voete; berg; koelhouer;<br>son; skuinste; siekte; rugsak; toe; |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die man se … lê buite die tent. | (1) |
| 5.2.2 | Die man se voete hang bo-oor sy… | (1) |
| 5.2.3 | Die tent is in die … opgeslaan. | (1) |
| 5.2.4 | Die man se bolyf lê in die … | (1) |
| 5.2.5 | Die tent se flap is … | (1) |
| 5.2.6 | Die pleisters op die man se tone dui aan dat hy … op sy voete het. | (1) |

[20]

**TOTAAL AFDELING C : 40**

**GROOTTOTAAL : 80**